

Kommentaar van die Rektor se Bestuurspan op vrae uit studentegeledere oor die Herstrukturering in die Verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor (Leer&Onderrig)

29 November 2013

Verwysingsdokumente:

1. Vrae deur die Open Forum "Making sense of the restructuring within the office of the VR: Teaching and Learning" dd 21 Oktober 2013.
2. Brief van die SR "Herstrukturering en Studente" dd 17 September 2013.
3. 'n Petisie wat op die sosiale netwerke onder studente sirkuleer is, met die strekking dat die herstrukturering die gaping tussen US Bestuur en studente vergroot omdat daar nie meer in die L&O VS se struktuur voorsiening gemaak word vir 'n studentedekaan nie.

Agtergrond:

In bogenoemde dokumente huldig bepaalde studentegroepe sekere sienings en lug 'n aantal vrae rondom die herstrukturering wat in die verantwoordelikhedsentrum [VS] van die Viserektor vir Leer en Onderrig [VR(L&O)] plaasgevind het van April tot September 2013. Die VR(L&O) het aangebied om die rasionaal vir die VS se herstrukturering by 'n vergadering van die Studenteparlement uit een te sit en vrae te beantwoord. Daardie vergadering het op Dinsdag 22 Oktober 2013 plaasgevind en is deur ongeveer 200 studente bygewoon. Tydens die vergadering het die VR(L&O) die nuwe struktuur vir die L&O VS verduidelik in die lig van die US Strategiese Visie vir 2014-2018.

Twee studente het in hul persoonlike kapasiteit gevra vir 'n oop gespreksforum in die Neelsie eetruimte, sodat enige student vrae kon vra oor die herstrukturering in die L&O VS. Op hul versoek het die VR(L&O) toe ook op Maandag-laatmiddag (21 Oktober 2013) 'n gehoor van sowat 50 studente se vrae beantwoord en kommentaar ontvang.

Die petisie wat op die internet gesirkuleer is, het 271 elektroniese stemme van studente getrek. Die formulering van die petisie vra dat die Rektor se Bestuurspan (RBS) die besluite wat reeds ten opsigte van die herstrukturering van die L&O VS gemaak is, sal herevalueer en heroorweeg, in besonder aangaande die amp van die studentedekaan.

Beide voorgemelde vergaderings is deur die bestuurders van die Afdeling Studentesake bygewoon, naamlik die afdelingshoof dr Ludolph Botha, die sentrumhoof van Studentestrukture en -gemeenskappe, mnr Pieter Kloppers, asook die sentrumhoof van Studentevoorigting en -ontwikkeling, prof Charl Cilliers. Studente het die geleentheid ruim benut om kommentare te lewer en vrae te vra.

Besluit van die RBS tov die L&O Verantwoordelikeheidsentrum se organisatoriese struktuur na aanleiding van vrae uit studentegeleedere

Die RBS waardeer die insette uit studentegeleedere om 'n effektiewe organisasiestruktuur daar te stel wat alle studente se belange bevorder. Die voorgestelde nuwe struktuur is bedoel om die US Strategiese Voorneme 2014-2018 beter te dien. Die kernvraag uit studentegeleedere is of die nuwe struktuur 'n wins vir die studente gaan wees mbt verteenwoordiging in die hoogste strukture van die Universiteit.

Die RBS onderskryf die belangrikheid van die hoogs moontlike verteenwoordiging van studente in die topbestuursvergaderings van die US. *Die RBS besluit dus ter ondersteuning van die studente se jongste versoeke dat, tesame met die VR(L&O) in wie se portefeulje Studentesake ressorteer, die mees senior steunpersoneel naamlik die Senior Direkteur: Studentesake voortaan ook studentebelange in die hoogste Universiteitsbestuursvergaderings sal verteenwoordig. Die Senior Direkteur: Studentesake sal kernbelangrike studentevergaderings bywoon en beskikbaar wees om sake wat uit studentegeleedere na vore kom, te hanteer.* Aangesien die Senior Direkteur: Studentesake funksies van die voormalige studentedekaan op 'n hoër en breër vlak vervul, word laasgenoemde pos nie weer aan US ingestel nie.

Die RBS bevestig ook hul siening dat die nuwe struktuur van die L&O verantwoordelikeheidsentrum die bes moontlike diens aan ons huidige studente gee deur sake wat saam hoort, in een organisatoriese afdeling by mekaar te voeg. Die struktuur sal terselfdertyd ook beter voorsiening maak om 'n uitnemende en diverse nuwe studentekorps na US te bring. Laastens sal dit veral ook die totale leerervaring van studente verryk.

Studente se vrae en RBS kommentaar:

Die vrae wat deur die SR, lede van die Studenteparlement en tydens die Oop Forum gevra is, oorvleuel tot 'n mate. Vervolgens word die vrae gelys saam met die RBS se kommentaar:

1. *Wat is die rasionaal vir die herstrukturering van die L&O VS?*
 - a. Die nuwe organisasiestruktuur is skerper ingestel op daardie strategiese prioriteite van die die US wat spesifiek deur die L&O VS uitgevoer moet word, naamlik:
 - i. Behou momentum van uitnemendheid en sukseskoers van ingeskrewe studente;
 - ii. Verbreed toegang vir 'n diverse groep voornemende studente;
 - iii. Innoverende en toekomsgerigte opleiding wat graduandi toegang gee tot nuwe kennismarkte;
 - iv. Rus studente toe met verbonde, visioenêre leierseienskappe.
 - b. 'n Organisasiestruktuur is geskep met minder diep hiërargiese vlakke, om oneffektiewe burokratiese prosesse te verminder en korter kommunikasielyne (ook vir huidige studente) na US-bestuur te bewerkstellig.

- c. 'n Eenstopdiens vir huidige studente is geskep d.m.v. 'n enkele geïntegreerde sentrum vir studentestruktuur en -gemeenskappe, wat in een afdeling voorsiening maak vir studente-ontwikkeling, insluitende mentorskapsaangeleenthede vir alle studente en leierskapsopleiding, in die buite-klas-konteks.
- d. 'n Eenstopdiens vir voornemende studente is geskep, wat in 'n enkele afdeling voorsiening maak vir geteikende werwing om studentediversiteit te verhoog, asook koshuisinwoning en finansiële ondersteuning te gee waar nodig.
- e. Voortdurende programvernuwing deur institusionele navorsing ten einde opleiding relevant en stimulerend te hou.
- f. Groter klem op leer- en onderrigverryking, wat insluit bevordering van individuele en institusionele meertaligheid en diepgaande inkorporering van inligtings- & kommunikasietegnologie (IKT) in leer en onderrig.

2. *Waarom is daar nie meer 'n studentedekaan in die nuwe struktuur nie?*

- a. Die studentedekaan is vir 'n vaste termyn aangestel, met die verstandhouding dat die rol aan die einde van 'n termyn heroorweeg kan word.
- b. 'n Eksterne evalueringspaneel vir die Afdeling: Studente- en Akademiese Steun (SAS), het in 2012 wyd aan die US konsulteer met studente en personeel, en bevind dat die onduidelike funksioneringsslyne tussen die voormalige Sentrum vir Studentesake (SSS) en Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) dienslewering aan studente benadeel. Die paneel het verder aanbeveel dat die senior direkteur van SAS die studentebelange by die US topbestuursvergaderings behoort te verteenwoordig, eerder as 'n studentedekaan.
- c. Volgens die eksterne evalueerders se ondersoek het veelvuldige intreepunte studenteleiers (veral die Studenteraad) frustreer omdat hulle dikwels moes rondval vir 'n finale besluit.
- d. Die RBS het na deeglike besinning besluit om 'n enkele beginpunt vir navrae by een direkteur se kantoor te skep, met 'n kort organisatoriese lyn na die VR(L&O).
- e. Die voormalige studentedekaan is na die nuwe US Sentrum vir Inklusiwiteit verplaas om studentetransformasie geïntegreerd met die US se institusionele transformasieplan te koördineer.
- f. In die nuwe L&O VS word diversiteitsbewustheid by huidig-ingeskrewe studente as integrale deel van die nuwe Sentrum vir Studentestruktuur & -gemeenskappe (SSG) en die nuwe Sentrum vir Mentor-, tutor- & leierskapsontwikkeling (MTL) se funksies bevorder.

3. *Hoekom reflekteer groter personeeldiversiteit nie in die aangestelde senior personeel van die nuwe organisasiestruktuur van die L&O VS nie?*

- a. Die personeelkorps wat voor die aanvang van die herstrukturering-proses in die L&O VS werksaam was, het reeds beperkte diversiteit in ras en geslag van bestuurders van afdelings en sentra gehad.
- b. Waar sentra in die nuwe struktuur soortgelyke funksies as in die ou struktuur gehad het, is die US arbeidsregtelik verplig om die vorige

bestuurder weer aan te stel in die ekwivalente bestuurspos. Sulke heraanstellings kon uiteraard nie die diversiteitsprofiel van personeel verander nie.

- c. Twee nuwe afdelings en vier nuwe sentra figureer in die nuwe organisasiestruktuur. Die Afd. Menslike Hulpbronne het keuringspanele met die nodige verteenwoordigendheid van ras en geslag aangestel en die poste vir hul hoofde is adverteer. Aansoekers wat uit mans, vroue en 'n diversiteit van etniese groepe is deur middel van onderhoudsvoering oorweeg. Die uitkoms van die aanstellingsprosesse is tot dusver dat daar 'n groter verteenwoordiging van vroue in die bestuursposisies is, maar nog nie 'n verbetering van etniese diversiteit nie.
- d. Daar bestaan nog wel verskeie geleenthede vir vullings van bestuursposte en bevorderings in die volgende jaar, waarmee die etniese diversiteit van bestuurders in die L&O VS verhoog kan word.

4. *Hoe is Matie-studente verteenwoordig tydens die herstruktureringproses, en in die besonder, watter rol het die SR gespeel?*

- a. Die eksterne evalueringspaneel het die 2012 Studenteraad en ander studentestrukture in April en Mei 2012 gekonsulteer as deel van hul ondersoek om aanbevelings aan die US-bestuur te maak.
- b. Die voorgestelde nuwe organisasiestruktuur is vir konsultasie aan die US Raad by hul vergadering van 29 April 2013 vir konsultasie voorgelê. SR-lede was teenwoordig by die vergadering en het toegang tot die volledige dokumente met die herstruktureringvoorstel gehad.
- c. Die US Raad het die voorgestelde struktuur gesteun en ingestem dat die veranderinge met geaffekteer personeel konsulteer word.
- d. Die VR(L&O) het in sy geskeduleerde vergaderings met die SR-voorsitter die voorgestelde struktuur voorgelê en terugvoer gevra.
- e. Die RBS het by hul vergadering van 5 September 2013 met die uitvoerende bestuur van die SR weer die nuwe struktuur voorgehou en in die besonder die SR se kommentaar gevra oor die verval van die studentedekaanspos.
- f. Dit word wel erken dat, ter aanvulling van formele konsultasie met verteenwoordigende posisionele studenteleierskapstrukture, geleenthede soos die onlangse Oop Forum en die Studenteparlement voortaan beter benut kan word om die menings van 'n nog wyer spektrum van betrokke Matiestudente in te win.

5. *Hoe sal studente deur middel van die L&O VS-hoofde toegang en invloed hê op bestuursbesluite wat studente raak?*

- a. Tweeweeklikse SR-vergaderings sal voortaan bygewoon word deur die Senior Direkteur: Studentesake en die Direkteur: Studentestrukture en -gemeenskappe (as hoof van die geïntegreerde SSG).
- b. Die Studenteparlement sal soos in die verlede so ver moontlik deur die Direkteur: SSG, Senior Direkteur: Studentesake en VR(L&O) bygewoon word om bewus te bly van studentekwessies, te konsulteer en vrae te beantwoord.

- c. Die Direkteur: SSG sal voortgaan met sy verskeie vergaderings elke week met die SR(UK), Primkomitee, Huiskomitees, en ander leierskapstrukture met die Senior Direkteur: Studentesake wat van tyd tot tyd ook vir belangrike sake betrek kan word.
- d. Maandelikse vergaderings van die RBS met die SR(UK) gaan voort soos in die verlede.
- e. Maandelikse vergaderings van die VR(L&O) met die SR- en ABR-voorsitters gaan voort soos in die verlede.
- f. Meer as 45 vergaderings per jaar wat die VR(L&O) insluit en waarop studente amptelik teenwoordig is.
- g. Ad hoc vergaderings op aanvraag van SR-lede en leiers in die studentegemeenskap om bepaalde kwessies te bespreek en oplossings uit te werk.

6. *Hoe sal die "studentestem" steeds gehoor word sonder 'n studentedekaan?*

- a. Die nuwe organisasiestruktuur het 'n veel korter en direkte kommunikasielyn van studente na die US topbestuur. Daar is nie meer verwarrende parallelle intreepunte vir studentesake nie.
- b. Afgesien van die veelvuldige kontakgeleenthede van topbestuur met studente soos in die vorige afdeling vermeld, skakel die Direkteur: SSG, Senior Direkteur: Studentesake en VR(L&O) feitlik op 'n daaglikse basis met mekaar oor studentesake.
- c. Die nuwe US topbestuurstruktuur, wat vanaf Mei 2013 deur die US Raad ingestel is, maak voorsiening vir 'n RBS en 'n Bedryfsvergadering. Die VR(L&O), die ander Viserektore en die Bedryfshoof dien op beide liggame van topbestuur. Die Senior Direkteur: Studentesake sal in die nuwe struktuur persoonlik en direk studentesake in die Bedryfsvergadering bespreek (in die verlede is die rol deur die Studentedekaan vervul, wat op een vlak laer aan die Senior Direkteur: SAS rapporteer het).
- d. Studente kan steeds oor enige kwessie wat hul raak, 'n memorandum voorberei, om by die US Bedryfsvergadering te laat dien.

7. *Hoe sal die nuwe L&O organisasiestruktuur Matie-studente bevoordeel?*

- a. Studentebelange word in die hoogste US bestuursvergadering deur die Senior Direkteur: Studentesake en die VR(L&O) verteenwoordig.
- b. 'n Eenstopdiens vir huidig-ingeskrewe studente word gevestig in die kantoor van die Senior Direkteur: Studentesake. Personeelkapasiteit sal soos nodig en bekostigbaar bygevoeg word om aan studentediensbehoefte te voldoen.
- c. Gefokusde nuwe sentra en afdelings word ingestel om die totale ontwikkeling van studente se leer- en leefervarings te bevorder, wat insluit:
 - i. Mentor-/tutor- & leierskapsontwikkeling vir alle studente;
 - ii. 'n Eenstopdiens om voornemende studente effektief aan US in te skakel en die diversiteitsprofiel te verbreed;
 - iii. Verrykte leerervaring deur wydgaande insluiting van IKT in en buite die klaskamer.

- d. Veel sterker integrasie van dienste deur fakulteite en die L&O sentra, om studente 'n geïntegreerde binne- en buiteklaservaring te bied.
- e. Die kantore van die Studentestrukture en –gemeenskappe, asook van die Senior Direkteur: Studentesake, word geografies naby die studente se leer- en leefomgewings gevestig.

Die RBS wil met die instel van 'n nuwe en meer vaartbelynde Leer- & Onderrig-organisasiestruktuur inderdaad die belange van ons huidige en toekomstige studente bevorder. Na deeglike oorweging van die jongste insette uit studentegeledere, is die RBS se siening steeds dat die nuwe struktuur met die Senior Direkteur: Studentesake en drie sentrumhoofde in die afdeling beter verteenwoordiging en 'n beter diens aan studente sal lewer. Die VR (L&O) onderneem om teen Junie 2014 ondersoek in te stel om te bepaal hoe effektief die nuwe struktuur funksioneer.

- o O o -